

HOOFSTUK 8.

Gesag as die fundamentele faktor by die opvoeding.

1. Inleiding.

Wanneer ons die opvoeding sosiologies belig, dan behels dit die samewerking met en wisselwerking tussen mense wat leiding gee aan mense - opvoeders en opvoedeling. Hiermee het ons die twee pole van die hele opvoeding, wat ook die fundamentele is.

Dis 'n opvoedingsproses wat vanaf die wieg tot aan die graf voortduur en is tevore met die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid aangetoon.

Maar nou is dit ook waar dat geen mens aan 'n ander mens leiding kan gee sonder die faktor van gesag as die fundamentele by die opvoeding nie. Die mens leer so lank as wat hy lewe, sodat die hele lewe tereg 'n leerskool genoem kan word, waarvan die vroeëre jare in die kinder- en jeugstadia van onskatbare waarde in die leerproses is ¹⁾. Maar dan ook so dat „it is highly desirable that each individual, from birth, shall have the opportunity and guidance whereby he may approach his maximum in growth and development as a personality" ²⁾.

Op grond van die voorgaande is die hele lewe vol opvoeders: die ouers, onderwysers, predikante, ouderlinge, polisie, winkeliers, verkeersbeamptes, landdroste, bure, politici ens. Hierdie persone is almal gesagsdraers op grond van hulle verskillende ampte en roepinge in hulle onderskeie lewenskringe. Elkeen gee volgens die aard, wese en be-

1. Moore en Cole: Sociology in educational practice, p. 7.

2. Ibid.

Vgl. Gesell, A & Ilg, F .L. : Child Development; Harper Bros., New York, 1949; p. 34.

stemming van sy taak en roeping leiding aan mense.

Om te presiseer kan ons vervolgens 'n indeling maak van o.a. verbandsgesag, maatskaplike gesag of leierskap, van wat die gesagsdraers of leiers in die menslike samelewing is.

Inherent eie aan die wese van gesag is die element om aan andere iets op te dra, voor te skryf in woord, voorbeeld en gedrag, wat dus in 'n bepaalde vorm van gedragswyse tot openbaring kom. In gesag is daar altyd die element van mag. „Excellence is never won except at the cost of an arduous discipline, usually under the direction of somebody more advanced than oneself whose authority one accepts. This is true in every field of human activity, from sport or factory management to artistic creation or religious contemplation. Too general a rejection of authority endangers such standards of spiritual, moral or intellectual value....." 3).

Die mag waaroor die ged^sagsdraer beskik, lê dus ingebed in sy eie aanvaarding van, oriëntering met betrekking tot die interpretasie en verpersoonliking van en die bevoegdheid tot, uit welke bron die bevoegdheid verder mag voortspruit. Die gesagsleiding beroep hom nie slegs op die dwingende mag nie; daaraan moet ook uitvoering gegee word, dit moet in verantwoordelikheid gedra word maar ook verdra word.

In hierdie kader konstateer ons dat soveel vorme van samelewe, gemeenskaps- en maatskapsvorme as wat daar mag wees, so groot is die verskille in vorme van gesag. Met ander woorde, volgens die beginsel

3. Collier, K.G.: The Social Purposes of Education; Routledge & Kegan Paul, London, 1959; p. 25.

van soewereiniteit in die kring is daar geen gesagskonstruksie wat die totaliteit van die menslike samelewing oorkoepel nie, maar wel 'n verskeidenheid wat van mekaar te onderskei is volgens elke samelewingsvorm - en -kring se aard, wese, roeping en bestemming: gesinsgesag, skoolgesag, kerkgesag, staatsgesag, bedryfsgesag, verenigingsgesag, maatskaplike gesag, ens.

Elke vorm van gesag het sy eiesoortige gesagsdraer en is beklee met mag tot die oplê van norme wat in ooreenstemming is met die struktuurprinsipe, struktuurwet, ja, struktuurnorm, waardeur die onderskeie samelewingsvorme gekwalifiseer word. Ons onderskei dus tussen die gesagverbandorgane wat ons aantref by die konstante samelewingsvorme, wat amptelike gesag is, bv. in die gesin, kerk, staat, skool en bedryf, waar gesag, outoriteit inherent is aan die amptelike roeping.

Hierdie vorm van amptelike gesag is spesifieke gesag by spesifieke leiding; terwyl by die maatskaplike verhoudinge die gesag nie voortspruit uit die koppeling aan die beklêding van die deur bewuste en natuurlike organisasie van die tot stand gekome gesagsamp nie. Die gesagsdraer beskik oor mag en outoriteit tot die oplê van norme op grond van die feit dat so iemand oor bepaalde persoonlike hoedanighede beskik, dit byvoorbeeld by wyse van wetenskaplike studie verwerf het, wat hom dan 'n gesaghebbende leier maak. Hierdie vorm van gesag is eerder leierskap op byvoorbeeld die terreine van die handel, kuns, geselligheidslewe, mode ens. Hierdie

gesaghebbende leierskap is wetenskaplike gesag met ⁴ die korrelaat wetenskaplike leiding.

Die wesentlike onderskeiding tussen hierdie twee vorme van gesag is dat amptelike gesag 'n voorafgaande institusionele is, terwyl maatskaplike gesag ontwikkel het uit die leiding van die beste in die lewe wat deur die mensemenigte nagevolg word.

Beide vorme in die gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge lê die mens 'n taak op in sy geroepenheid tot daaglikse arbeid met die hoof, die hart en die hand - die wese van die arbeid van die mens ⁴⁾.

Waar die Sosiologie hom in die besonder in die konstante samelewingsvorme interesseer, d.i. in die duursame tussenmenslike verhoudinge, versmelt die legitimatiese van die gesag so charismatiese karakter tot 'n geldende alledaagse tradisie met 'n rasionele aard, waarby die charismatiese en tradisionele trekke in die alledaagse gesagsverhoudinge dikwels sterk op die voorgrond tree.

Gesagsleiding in die opvoedingsproses impliseer die verpersoonliking en uitgoering van 'n roeping: die knooppunt van velerlei soorte normekomplekse in die mens en van die samelewingsvorme waartoe die opgroeiende kind en sy persoonlikheid bekwaam en ryp gemaak word. Die mikpunt is die integrasie van die persoon en van die samelewing, soos die persoon voortdurend gelei en gerig word deur sy verantwoordelikheds- en normbesef in alle lewensituasies in die onderskeie lewenskringe volgens sy persoonsroeping.

4. Ruppert, M.: Naar en rechtsorde van de arbeid; J.N. Voorhoeve, Den Haag, hoofstuk 1: "Ons dagelijks werk", p. 7-19.

2. Faktore wat verantwoordelik is vir die veranderde houding teenoor gesag en tradisie.

Sedert die einde van die vorige oorlog lewe feitlik die helfte van die wêreldbevolking onder regerings wat radikaal verskillend is van die waaraan hulle tevore gewoon was ⁵⁾. Politieke verandering het geleidelik en lei nog steeds tot 'n

kolossale herverspreiding van mag in die wêreld: tussen die minder ontwikkelde en agterlike gemeenskappe en klasse, en die hoër beskaafde klasse en gemeenskappe in die Westerse lande ⁶⁾.

Die uitwerking hiervan het hom laat geld op die terrein van lewenswaardes: die krisis in waardes. Die 20ste eeu word oor die algemeen gekenmerk deur 'n kritiese en twyfelagtige houding teenoor diene wat 'n hoër status as ons beklee, veral as dit saamhang met 'n oordrag van die verlede ⁷⁾: in die politieke lewe, die bedryfswêreld, in die gesin, kuns, kerk en godsdiens, die skool ens.

Die wese van hierdie houding lê ingebed in die onsekerheid wat daar bestaan omtrent die doel, sin en betekenis van die lewe, wat handel oor verlossing, godsdiens, dood en of daar 'n God is. Die sekerheid wat die welvaartstaat op ekonomiese gebied verskaf, dryf miljoene mense om hulle gewilliglik te onderwerp aan totalitêre partye of regerings, wat klaarblyklik ten dele toegeskryf moet word aan die onstabiliteit en onsekerheid wat hierdie massa

5. Bates, M.S.: "The Whole World in Revolt" in Religious Faith and world culture; Prentice-Hall, New York, 1951.

6. Vgl. Toynbee: Civilization on trial, hoofstuk 2.

7. Vgl. Weber, A.: Farewell to European history; Aegan Paul.

Casserley, J.V.L.: The retreat from Christianity; Longmans Green Ltd., London, 1952; hoofstuk 6, 7.

aanvoel omdat hulle geen „clear-cut framework for interpreting life“ het nie.

Hierby kom nog dat duisende myle binne 'n ommesientjie oorbrug word, sodat lewende kontak gemaak word met ander mense, wat onder heeltemal verskillende omstandighede leef volgens tradisies ens. Vervoer en kommunikasie, bv. televisie, radio, rolprente, koerante, ens. lei die mens tot kennis van ander lewensgewoontes, gebruike, wat almal ervarings is en die verbeelding aangryp om sy kouse wyer en groter te maak insake hoe om te lewe en hoe om hom te gedra. Hierdie dinge versper en verdonker enersyds die skerp punte van oorgedraagde waardes en konvensies en ondermyn die mens se vertroue om die normale reaksies van iemand te kan voorspel.

Voeg hierby die ontvolkingstendens van die platteland en die voortdurende trek na die stede, wat verstedeliking, atomisering, regimentasie en sentralisasie van mag, kontrole en regering asook die wesenverskille tussen platteland en stad meebring, en ons kry 'n taamlike beeld van sommige oorsake wat lei tot 'n verkeerd gerigte houding teenoor gesag en tradisie.

Ten slotte noem ons die feit dat menige persoon in 'n outoritêre gesagsposisie afstand doen van hulle verantwoordelikhede. Hierdie neiging openbaar hom op alle lewensterreine: ouers van kinders, skoolhoofde en onderwysers, op die terrein van die kerklike ampte, sakebestuurders ens., wat alles op hulle eie terrein en in die algemeen meewerk tot die ondermyning van gesag en dissipline. „Most, perhaps all, human societies carry some apparatus

of coercion in their framework in order to safeguard their traditional standards" 8).

Hierdie aanhaling lei ons tot die ondersoek van die beginsel van soewereiniteit in die kring: gesag en norm: die roeping van die onderskeie gesagsdraers om die samelewingsorde te verseker en te stabiliseer.

3. Gesag in die huisgesin.

Ons kan die huisgesin na sy oorsprong, aard, wese, roeping en bestemming omskrywe as 'n intieme liefdesgemeenskap tussen die ouers en die kinders onderling na die norm van die onderlinge liefde op die grondslag van die bloedsbande 1).

Tussen hierdie twee bindinge en ankers, t.w. die onafskeidelike korrelasie tussen die liefdesverhoudinge wat voortspruit uit die geslagsgemeenskap tussen die ouers, verkry die sisteem van liefdesverhoudinge tussen ouers en kinders 'n eiensortige kleur, wat in die dinamiese strukturele orde van die huisgesin tot openbaring kom in die verskillende saamhangende aspekte van die tydelike konkrete werklikheid.

Hierdie kwalifiserende funksie van die huisgesin onderskei hom van alle ander samelewingsvorme, dourdat die hoogste roeping daarvan is die toernemende verwesenliking en verwerkliking van die intieme liefdesverhoudinge tussen die ouers en die kinders as 'n

8. Collier: The social purposes of education, p. 99.

1. Vgl. o.a.: Roucek, J.S. en Warren, R.L.: Sociology. An introduction; Littlefield, Adams & Co., Iowa, 1951; p.95.
 Ross, Eva J.: Sociology and social problems; The Bruce Publishing Co., Milwaukee, 1953; p. 95;
 Fairchild, H.P.: General Sociology; John Wiley & Sons., Inc., N.Y.; Chapman & Hall Ltd., London, 1934; p.17;
 Van Dyk: Mens en medemens, p. 87.
 Popma: Inleiding in de Wijsbegeerte; J.H. Kok N.V. Kampen, 1956; p. 47.

„intimate face to face group“ 2).

Die vervulling van die hoogste roeping van die gesin impliseer nou die norm wat die ouers 'n taak op lê onder die liefdesgesagsleiding en gekonkretiseer moet word in alle aspekte van die gesinsopvoeding: die interne doelstelling en eksterne doelordening van die gesinsverhoudinge in die bestemmingsfunksie van die gesin.

Hierin lê opgesluit, dat die interne doelstelling die noodsaaklike voorwaarde, fondament en hoeksteen is vir die geleidelike vorming, ryp- en bekwaammaking van die gesinsverhoudinge vir die geskenskaps- en maatskapsverhoudinge. Die eerste „wortels“ van die roeping van die mens en kind as toekomstige gesinslid, kerklidmaat, burger en leerling word in die gesin ingeplant, gekoester en gevoed vir die geleidelike aansluitingsproses by die samelewing. Cooley sê: „The family is the cradle of personality“ 3), die geleide vorming van gesonde gesinsbindinge en - ankers wat innerlike sekuriteit, stabiliteit en bestendigheid van die kind verseker onder die norm van ouerliefde, wat die onontbeerlike voorwaarde vir die geleidelike diensbaarmaking aan die samelewingsverhoudinge is.

Waterink konstateer: „Wanneer wij niet verstaan, dat het gezin de plaats is waar de opvoeder zijn taak heeft te verrichten, dat het gezin allereerst de roeping heeft op te voeden naar de eis Gods voor het leven van staat en maatschappij en kerk, dan zal op den duur al ons praten over opvoeden niets

2. Cooley, C.H.F Social organization; Charles Scribner's Sons, New York, 1909; hoofstuk 3.

3. Ibid., p. 287-289.

helpen en dan zal het einde zijn, dat de maatschappij te gronde gaat. Geen paedagoog, al is hij nog zo uitstekend geïnformeerde omtrent de opvattingen van zijn tijdgenoten, kan ook maar een fractie betekenen van datgene wat het gezonde gezin betekent voor de samenleving" 4).

Sonder om in besonderhede te tree aangaande die sosiologiese struktuuranalise van die huisgesin op die opvoedkundige lewenssterrein - daar is reeds uitstekende werk in die verband gedoen 5) - , haal ons aan wat 'n skrywer sê : „The home is the first training ground for character, both individual and social. It sets the first examples. It gives the first teaching. It is the first little community. Here justice - and injustice - are experienced for the first time. Here is authority and the rule of law. Here is the first pattern of social conventions, one family very much like another, but with its own important eccentricities and variations.

The family, like society at large, shapes its members and is shaped by them. It shelters their period of growth. In a society such as ours which has temporarily lost its bearings, the homes and schools are the guardians of our sense of standards Only mothers and fathers can give the

4. Waterink: Theorie der opvoeding, p. 99.

5. Rose: Sociology. A Study of Human Relations.
 Brown: Educational Sociology.
 Moore & Cole: Sociology in Educational Practice.
 Lundberg, Schrag, Larsen: Sociology ; ens.
 Richmond, A.H.: in The Institutions of Advanced Cultures; (ed. A.M. Rose) Minnesota and Oxford University Press, 1957.
 Vgl.: Cronje, G. en Venter, J.D.: Die Patriargale Familie.
 'n kultuursosiologiese Studie; H.A.U.M., Kaapstad, Pretoria, 1958, vir die Suid-Afrikaanse agtergrond: histories en kontemporêr.

love and understanding that enables their children to grow harmoniously, and as they grow, to display more and more that part of their natures that was made to praise God, to speak the truth, to love the best when they see it, and to help their fellow human beings This applies not only to early childhood where, as we are now learning, many personal and social attitudes are fixed much earlier than was formerly thought, but to later childhood also and to adolescence which, in many ways, the most difficult period of all for family relationships" ⁶⁾.

Die ouerlike liefdesgesagsleiding het 'n gesonde rigtende invloed op die stabilisering en bestending van die verhoudinge van die kinders tot hulle ouers, van die kinders onderling en na buite, d.w.s. ten opsigte van hulle vriendekeuse, vriendskapsgroepe ⁷⁾ kinderspel en vryetydsbesteding.

In die moderne tyd is dit egter weens sosiale verandering baie moeilik om 'n gesonde gesinslewe te voer en te handhaaf. Histories het veral drie kernfunksies van die gesin, t.w. die ekonomiese, die kulturele d.i. die intellektuele opvoeding en vryetydsbesteding, veranderinge ondergaan ⁸⁾: van die self-

-
6. Citizens Growing up at Home, in School and After; Published for the Ministry of Education, By His Majesty's Stationery Office, 1949; pp. 7, 8, 9.
 7. Vgl.: Rose : Sociology, p. 65-66, vir die gewoontes en gebruike wat kinders aanleer en aktivering daarvan; Ibid., p.167, vir die primêre institusionele aard van die gesin; Ibid., p. 169: die kind se verhouding tot sy broers en susters; Henry, J. en Zunia: "Symmetrical and Reciprocal Hostility in Sibling Rivalry" in American Journal of Orthopsychiatry, 12(April, 1942), pp.256-261: Oor kinderopstand as een van die oudste sosiaal-psigologiese probleme; Sewell, M.: "Some Causes of Jealousy in Young Children" in Smith College Studies in Social Work, 1(Sept.,1930); pp. 15-22.
 8. Van Dyk: Mens en medemens, p. 92-95: funksieverlies.

versorgende en -voorsienende het oorgebly die konsumptiewe gedeelte; die skool het die intellektuele opvoeding oorgeneem, terwyl vryetydsbesteding in die hande van die skool, bioskoop, pers, radio ens., geraak het ⁹⁾, met konstruktiewe voordele.

Maar daar is ook onrusbarende nadele, wat die modernistiese gees by die jeug deur ouerontverantwoordelikheid, sonder intense liefdesbelangstelling en meedoen aan, belowing van en die erkenning van die denke, doen en gevoel van hulle kinders, openbaar, byvoorbeeld: „Whilst we are willing to take endless trouble to make a guest feel at home, to avoid hurting the feelings of a grown-up member of the family, or to extend the right expressions of sympathy to someone who has suffered a tragic loss, we are too often ready to let children endure all these things without the slightest understanding or help from us We demand expressions of politeness from the child that we never offer to him. We expect him to love us best, as a matter of course, without doing anything to win his affection, as we certainly should do with an adult whom we wished to win. We ask him annoying questions when he is not in a mood to answer them - in a way we should think incredibly rude to an adult. We talk about him in front of him, and sometimes even relate our own triumphs over him in a way which would lead us to be ostracized in adult society. We quarrel in front of him, as if it meant nothing to him to have the most important grown-ups in his environment hurting

9. Ibid., p. 93.

Vgl. Ruppert: „Ons Dagelyk Werk" in Naar een Rechtsorde van de Arbeid.

each other. We do this and at the same time expect him to be considerate and polite and loving to us and to other children..... There seems to be something deep within the minds of us adults which leads us persistently to underestimate the reality of the child's feelings, to assume that he cannot hear and see, or is not listening, or not concerned with what we do and say and are. Yet it is precisely these general attitudes, these pervading modes of behaviour towards the child that affect his feelings towards us, far more than our explicit statements or our didactic purposes towards him. It is in these ways that we show what we really are in ourselves. I do not believe that we can begin to help the little child unless we remember that all those major events such as partings and losses and loves and deaths, on the one hand, and all those involutaryⁿ and constant expressions of our own attitudes towards him on the other, affect him in his deepest feelings" 10).

Die resultaat van hierdie ouerlike onverantwoordelikheid jeens hulle kinders in verskillende uitingsvorme is disharmonie en openbaar hom in 'n geleidelike proses van vervreemding in die gesin, onstabiliteit, onbestendigheid, onsekuriteit ens., waarmee die gesinsbindinge en -ankers hulle intensiteit van onderlinge vermoë tot handhawing van die gesinseenheid nie net verswak nie maar 'n vereensamingsproses ontketen waar later met die gesinsankers gebreek word. So iemand voel nêrens tuis nie; hy is gebind met niks aan niks in die samelewingsorde.

10. Isaacs, Susan: "The Nursery as a Community" Contributed to "On the Bringing Up of Children". (Edited by John Rickman and published by Routledge and Kegan Paul).

Hierdie toestand kulmineer in allerlei patologiese verskynsels ¹¹⁾, waarvan die wortel van die kwaad herlei moet word tot 'n verkeerd gerigte gesagsleiding deur ouerlike roepingsbesefloosheid in onverantwoordelike denke, gevoel en handeling van hulle kinders.

Gesag in die huisgesin is dus verantwoordelike en verantwoorde liefdesgesagsleiding van die ouers in wisselwerking met hulle kinders in die sin, betekenis en gees van die volgende: „Above all, ought we not to start at home, the place where every one of us first learns that life has to be lived with other people and that this means a great deal of give and take, a spirit of service, a respect for other people's views, property and personality, a sense of gratitude, the exercise of filial and parental affection? Clearly we cannot neglect incessant effort to improve our institutions as well as ourselves. But if our personal relationships are faulty our civic and international dealings can scarcely prosper " ¹²⁾.

Wanneer die liefdesgesagsleiding van die ouers in die huisgesinne gesond is, is meteen 'n gesonde

11. Halmos, P.: Solitude and Privacy; Routledge, 1952; hoofstuk 5: vrees en frustasie;
 Beveridge, W.: Full Employment in a Free Society; Allen & Unwin, 1944: sosiale isolasie van die mens: die invloed is nadelig-irriterend, dit lei tot tuis tussen ouers;
 Halmos: Solitude and Privacy, p. 150-151: Sosiaal-geïsoleerde mens is meer vatbaar vir vrees en **terneergedruktheid**;
 Glueck, S. en E.: Unraveling Juvenile Delinquency; Harvard Univ. Press, 1950; p. 261, oor jeugmisdaad by seuns in gesinne as gevolg van vader se wreedheid en **agteloosigheid**: 75.9 persent; van die moeder: 86.2%; sonder gemeenskaplike belange en huistrots was 96.9% van die seuns jeugoortreders.

12. Citizens Growing Up at Home, in School and After, p.7.

basis gelê vir die kerk, die staat en die skool om aanvullend volgens aard, wese, roeping en bestemming, elkeen met sy eie middelle en op sy eie wyse, die besondere taak in die opvoedingsproses te verrig.

Ten besluite wys ons ook nog daarop dat die verantwoordelike ouerlike leiding aan hulle kinders insluit die roepingsbewuste normbesef, al sou hulle kinders hulle in die eeu van die kind beskou as „uit die ou doos“. Die ouers moet hulle seker wapen deur te lees en ondersoek in te stel om op hoogte te kom van tradisionele bindinge in die saamleef, saamdoen, saamvoel en medebelewing van wat in die kindersfeer vir die kind van belang is, soos die kind dit doen en ervaar, en soos die kind dit behoort te doen en te ervaar.

Die kinderopvoeding moet dus gesien word teen die agtergrond van die inhoud en betekenis van die kennis waaroor ouers vandag behoort te beskik om hulle in staat stel om te kan onderskei tussen progressie en progressivisme en die interpretasie daarvan in die liefdesgesagsleiding aan hulle kinders.

Gesonde gesinsopvoeding vorm die persoonlikheid van die kind en laat dit ontplooi - ja, dit vorm uiteindelik die sterk sement van vertikale en horisontale integrasie vir gesonde eie volks-ideale, - tradisies en -ankers as identiteit in die verskeidenheid van wêreldvolkere.

4. Gesag in die Kerk.

As sy interne aard kan ons die tydelike, sigbare kerk as samelewingsvorm omskryf as 'n geloofsgemeenskap, „het op de eis der Goddelijke Woordenbaring gegronde geloofs- en culteverband van Christgelovigen

in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde¹⁾. Die kerk is na sy wese die tydelike en plaaslike gemeenskap van gelowiges in Christus deur die Gees van God vergader rondom sy Woord.

Volgens hierdie omskrywing is die primêre funksie van die kerk te vinde in die pistiese kring, in sy onafskeidelike korrelasie met die historiese funderingsfunksie, nl. die swaardmag van die Woord van God, wat na alle kante toe sny. Daarom word die strukturele orde van die kerk dan ook gekleur deur die geloof, wat gewortel is in die Heilige skrif, die hart, siel en verstand as die poort van die menslike lewe, sodat die norm van naasteliefde in sy wese die geloofsverhoudinge is wat in ooreenstemming met die openbaring van die Goddelike waarheid en genade as die eenheid van die kerklike belydenis en sy gemeenskaplike belydenis, dus van kerklik-konfessionele aard, is.

Die swaardmag van Gods Woord is alleen te verstaan as geloofsmag, omdat die bestemmingsfunksie sy stempel afdruk op die struktuurfunksies. Die kerk kom tot alle mense met die eis van die gemeenskap van die gelowiges en doen 'n beroep op menseharte onder die uitsluitende sanksie van die mag van Gods Woord, van die evangelie. Daarom is die tug wat die kerk handhaaf en waarmee hyn binne en buite optree, gegrond op die tug van die Woord. Die hoogste roeping van die Christengelowige is daarom om "orals en te alle tye

1. Van Dyk: *Mens en Medemens*, p. 115.

Vgl. Popma: *Inleiding in de Wijsbegeerte*, n. 104, oor kerklike gesag, en p. 44.

reformerend op te tree, want Christus en sy Woord is in die kerk die enigste outoriteit ²⁾. Op hierdie basis is ampsgesag in die kerk altyd Woordgesag, wat geen grense of beperkinge het nie, want die woord van God strewe geestelike wêreldheerskappy na, wat op die jongste dag in vervulling sal kom.

Om hierdie roeping te vervul (liefde tot God en jou naaste, met jou hele hart, siel en verstand) beskik God dit so in menseharte dat mense hulle geroepe voel om te arbeid aan die vorming en hervorming van die kerk totdat Hy sy bruid op aarde kom haal.

Deur die goddelike instelling van die kerklike ampsdraers en deur sy genade kan die positiveringsarbeid van die norm volvoer word - hoe gebrekkig en sondig ook al.

Aangesien die sosiologiese analise van die kerk as sigbare, tydelike samelewingsvorm deur verskeie skrywers deeglik gedoen is ³⁾ doen ons dit nie.

Ons wys egter verder op die gevaar van verwêreldliking wat met sosiale verandering deur niveauverlies die kerk binnesluip, bv. die sosiale sin en betekenis van die huwelik, die heilige Doop en Nagmaal, deur byvoorbeeld uitdrukings soos die „kop natmaak“ die „innerlike versterking“, ens. Hierdie krisis is eintlik nie die vraagstuk van aanpassing en die

2. Dooyeweerd, H.: De Wijsbegeerte der Wetsidee, boek III: De individualiteits-Strukturen der tydelijke Werkelijkheid; A.J. Paris, Amsterdam, MCMXXXVI; p. 489.
3. Van Dyk: Mens en medemens, p. 114-119;
 Spier: Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, p. 213-225;
 Dengerink: Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „Souvereiniteit in Eigen kring“ in de 19e en 20e eeuw, p. 209-216.

mode van „human relations“ van die mens by die veranderde samelewing nie, maar „ons het hier te doen met 'n mens op die terugweg, die mens in dekadensie, omdat hy God verlaat het “.

Om die mens terug te bring tot God en sy gebod is die kerklike ampte ingestel: die leraarsamp, die regerings- en die diakonale ampte- die gesagsdraers in die naam van God die Vader, die Seun Jesus Christus, ons Verlosser, en die Heilige Gees om die verlossing in menseharte te bewerkstellig.

Die Christelike beginsels wat hierin gewortel is, word manifestasies van ware naasteliefde, nie vir die mens nie maar vir die roeping wat God hom opgelê het, en vir die ruimte wat hy nodig het om die roeping uit te oefen en om regstreeks verantwoording te doen van sy lewe en werke: oerbied vir die lewe en godsdiens.

Die geloofsleiding wat die kerk aan die mens as instrument in die hand van God gee, is 'n beroep op menseharte deur middel van sy kategetiese onderwys, die verkondiging van die evangelie in die openbare erediens en by die huisbesoek. Hierdie kennis is in die eerste plek geloofskennis, en die onderrig van die kerk is geloofsonderrig. In die bybring van geloofskennis moet die kerk egter altyd getrou bly aan sy bestemming as geloofsgemeenskap, en daarom sal hierdie kennis altyd 'n kerklik-konfessionele karakter dra.

In aansluiting by die vorige let ons op die betekenis van die tydelike, sigbare kerkgemeenskap vir die gelowige. Die kerklike opvoeding neem 'n

aanvang by geboorte en die Heilige Doop, mettert tyd deur die aflegging van die belydenis van die geloof, waarmee 'n persoon gereken word tot volwassene in samewerking met sy geloofsgenote. Die belydenisaflegging geskied uit die innerlike behoefte en begeerte van die hart, omdat God dit van die mens eis, en nie uit kontraktuele toetrede of uit sosiale oorwegings nie. Volgens sy aard, wese en bestemming is die kerk geloofs- en belydenisgemeenskap, waarvan die inhoud van belydenis en verering deur die soort godsdienstige aksies bepaal watter soort kerk dit is. Ons kan dus vasstel dat die Godsgeloof en wat daaruit voortvloei, tot op groot hoogte bepaal word deur die geloofsinhoud soos vervat in die belydenis van 'n bepaalde kerk.

In die aflegging van belydenis lê ongesluit dat die geloofsband wat 'n mondige kerklidmaat aan God bind versterk word; maar ook die band met die kerk word verstewig: hy sal dit nie maklik verlaat of ander voorpraat om dit te doen nie.

Die gemeenskapsbestaan van die kerk gaan bokant die bestaan van sy lede uit, omdat dit in sy selfstandigheidsbestaan deur God ingestel is en veranker lê in die geestelike struktuur van die gelowiges, terwyl dit in sy konkrete tydelike bestaan afhanklik is van die samewerking van die geloofsgenote t.a.v. die instandhouding daarvan.

Hierdie roepingsbesef dwing en dring die ouers innerlik om die doopbelofte af te lê om hulle kinders op te voed in die kennis en vrees van die Naam van die Here.

Vanuit die ouerhuis kom die belydenis van die kerk na die kind as waaragtige en onwrikbare groothede via die ouers, en vervolgens deur die verskeidenheid van kerkaktiwiteite in woord, waardeur kennis deur Sondagskool, katkisasie, preek, huisbesoek, sakrament en tug stap vir stap aan hom oorgedra word. Hierdeur word dus opvoedingswerk in 'n vaste tradisie gedoen.

Die jong kind moet hierdie waarhede onwrikbaar aanvaar as dit wat sy ouers se kerk bely. Hierdie geloofswaarhede word ingeskerp en is in 'n groot mate die jeugdige se geloofsinhoud: dit wat hy in breë trekke reeds aanvaar het en by belydenisaflegging bely het.

Op hierdie wyse word die kerklidmaat in die leiding wat hy in wisselwerking met die kerk as geloofsgemeenskap ontvang, gevorm en word aan die leidende funksie van die kerk uitgoering gegee.

Die kerkopvoeding moet innerlik oortuigde kerklidmate oplewer. Dit moet aangevul word deur verantwoordelike Skrifondersoek om die geloofswaarhede te ken en die geloofsinhoud van die lidmaat aan te vul.

Die verwerkliking hiervan het lewende betekenis vir die persoonlike geloofs- en godsdienstige lewe, want dit lei tot verdieping en bekering. Verder sal hy saam met die inhoud van die belydenis deel hê aan al die kerklike aktiwiteite en funksies, wat noodsaaklik is vir die instandhouding van die kerk van Christus op aarde.

Dit vereis samewerking in die realisering van die kerklike funksies in al die aspekte van die konkrete

werklikheid. Tussen geloofsgenote is hierdie wisselwerking 'n toegeneentheid teenoor mekaar. Die kerk as liefdesgemeenskap tussen gelowiges is broederlike en susterlike liefde wat tot openbaring kom in broederlike en susterlike teregwysinge, vermaninge, voorbidding, maatskaplike sorg, liefdegawes, nagmaalsviering ens.

Die kerk as liefdesgemeenskap tussen gelowiges is 'n binding aan God, deur Jesus Christus en die Heilige Gees en vereis gehoorsaamheid en onderworpenheid aan die Godgegewe wette en norme wat op die geloofs- en godsdienstige lewensterrein in ons lewe waar gemaak en gehandhaaf moet word. Saam hiermee het ons 'n naasteliefde, wat horisontaal gerig is: gesinsliefde op die grondslag van die bloedsbande, huweliksliefde op die grond van die seksuele bindinge, ens., en ook maatskapsverhoudinge.

Elkeen van hierdie variasies in naasteliefde word gekleur volgens oorsprong, aard, wese, roeping en bestemming volgens die onderskeie struktuur-norme, wat die mens as aksiesentrum 'n roeping opleë.

Geen mens gaan egter in sy liefdesverhoudinge in die totaliteit van die kerkgemeenskap op nie: kerklike oorkoepeling wys ons van die hand.

Samevattend handhaaf ons ten volle die beginsel van soewereiniteit in die kring van die kerk en sluit ons af met die volgende aanhaling: „For Christian men and women it is an obligation to show by their lives that there is no truer conception of the good society or the good citizen than that displayed in the life and teachings of Jesus. His life and teachings have changed the face of history. With all the imperfections of individual Christians and

of the Christian Churches themselves, Christianity has been the most enduring civilising force seen in the world" 4).

5. Gesag in die staat.

Ons kan die staat na sy interne aard en wese omskrywe as 'n regsgemeenskap tussen owerheid en onderdane op die grondslag van die letterlike swaardmag om die orde in 'n bepaalde samelewing te verseker. Van Dyk, onder andere gee die volgende omskrywing van die staat: „het verband der openbare samenlevingsorde van overheid en onderdanen, op de basis van het monopolie der zwaardmacht over een bepaald cultuurterritoir, naar de norm van de harmonisering van de private belangen in (de verzorging van) het openbaar (algemeen) belang in de zin der gerechtigheid" 1).

Die begrip staat is 'n abstraksie. In die sosio-kulturele werklikheid is die owerheid of regering die instrument wat op een of ander wyse daargestel is om deur middel van wetgewing die regsverhoudinge tussen die onderdane te harmonieer, af te dwing of verdraagsaamheid te verseker, om reg en geregtigheid te laat seëvier in 'n bepaalde geografiese samelewingsgebied.

Die staat vind sy bestemmingsfunksie in die juridiese aspek op die grondslag van die swaardmag in die funderingsfunksie. Die leidende funksie van die staat is om reg en geregtigheid te verseker en, indien nodig, afgesien van die departement justisie e.a., te beskik oor 'n doeltreffende verde-

4. Citizens growing up at home, in school and after, p.10.

1. Van Dyk: Mens en medemens, p. 119-120.

Vgl. Popma: Inleiding in de Wijsbegeerte, p. 50.

digingsmag om die landsgrense, staats- en burgerlike eiendom, en regte te verdedig: na binne maar ook buite die staatsgrense.

Gesag vir die staat is amptelike gesag, regs-gesag gekoppel met mag op grond van leierskaps-eienskappe verenig en so 'n amptenaar of sodanige amptenare. Staatsgesag word in Suid-Afrika beliggzaam in die funksies van die wetgewende, uitvoerende en regtelike departemente. Dit is die sentrale of Uniale regering. Hiernaas vind ons nog provinsiale verdeling in sy wetgewende en uitvoerende magte met betrekking tot die ordonnansies. Daar bestaan egter 'n skakel tussen die sentrale en die provinsiale regerings.

Die funksies van die staat as geheel staan almal onder die klem van reg en mag wat die strukturele orde daarvolgens kleur. Om sy roeping te verwesenlik en te verwerklik, d.i. om die regsverhoudinge te harmonieer met reg en geregtigheid, om die positiewe en negatiewe gevolge van die sonde te bestry. Hierdie roeping van die georganiseerde swaardmag ²⁾ as magsvorm wat die staatslewe tipeer, het ook nog ander historiese magsvorme, soos ekonomiese geldmag, sedelike krag en geloofskrag, wat verskil

2. Encyclopedia of the Social Sciences, vol VII, pp. 8-15: "The political institution is the institution formally concerned with the maintenance of order in society"; Fairchild, H.P.(ed.): Dictionary of Sociology. Philosophical Library; N.Y. 1944; p. 287, i.s. organisasie van die swaardmag: "to the smooth and efficient interactional functioning of individuals and of groups within a society. It is not the same as organizations, since organization implies an amount of complexity not always found in connection with order"; Jones, M.E.: Basic Sociological principles. A Text-book for the first course in Sociology; Ginn & Co., London; p. 330 : "Government is the only contemporary institution which can legally use force in carrying out its functions".

van dié van die handelonderneming, gesin, kerk ens. as nie-staatlike instelling. Ekonomies het die staat tot funksie die staatshuishouding wat deur middel van belastings/^{die}staatsmasjinerie glad laat funksioneer.

In die psigiese kring openbaar die onderdane 'n gevoel van saamhorigheid, verdraagsaamheid en onderworpenheid, wat ons die staatkundige verbandsgevoel noem.

Verder is die staat 'n politieke lewensgemeenskap, wat op die duur 'n bepaalde tipe mens kan vorm met betrekking tot rigtinge, beginsels, lewens- en wêreldbeskouinge. In Suid-Afrika word byvoorbeeld lewensvreemde ideologieë, soos bv. kommunisme, nie geduld nie, want dit is staatsgevaarlik en -skadelik en by wet verbied.

Sonder om verder aandag te skenk aan die sosiologiese struktuuranalise van die staat wys ons op die logiese aspek wat ten nouste saamhang met/^{die}psigiese in die geheel. Dit staan in verband met die openbare mening. Die middele wat tot die vorming van publieke opinie lei, is advertensie, opvoeding en propaganda. Prinsipieel is dit nooit publieke opinie wat regeer nie: publieke opinie vervul slegs 'n fundamentele rol as 'n kragtige middel tot kontrole. Die aard daarvan spreek uit die volgende: „(public opinion).... is composed of the points of view about an issue which the members of a "public" have discussed, shared, and expressed collectively The term "public" refers to a large number of people who find a common stimulus in the discussion and solution of a problem which is vital to the individual interests of the

group membership. Always in a public there must be interaction and exchange of ideas" ³⁾. It may be defined as the verbalized conviction which people express in reference to some social situation or object" ⁴⁾.

Afgesien van publieke opinie het die staat die leidende funksie om te regeer, omdat die reaming van publieke opinie òf in sy geheel òf slegs gedeeltelik ingesluit is tot normkonformering, verdraagsaamheid en afdwingbaarheid.

Die vraag na 'n Christelike staat is, wat die struktuurnorm betref, juridies gekwalifiseer, terwyl die kerk geloofsgemeenskap is, en daarom kan staat en kerk nooit saamval nie - ja, op grond van die soewereiniteit in eie kring het elkeen sy anders geaarde roeping en doelstelling waar elkeen met 'n andersgeaarde gesag oor mag en reg beskik.

Nogtans is 'n Christelike staatslewe nie uitgesluit nie, want die Christelike staatsidee kan langsaamhand ingeskerp word tot volksoortuiging om deel van die volkslewe en volkshouding te word. Op hierdie magsbasis vir die owerheid kan die Christelike staatsbeginsels tot uitvoering gebring word.

Ongetwyfeld moet hierdie staatsgesagsleiding, die kennis wat met die struktuuranalise van die staat as samelewingsvorm opgedoen word, dien as basis vir die eintlike vorming en opvoeding tot burgerskap, wat reeds by die gesinsopvoeding ooreenkomstig die vyfde gebod ingeplant word. Daarom is

3. Atteberry, G.C., Auble, J.L., Hunt, E.F., Masiko, P.: Introduction to Social Science, vol.2, revised; The MacMillan Co., New York, p. 40.

4. Willigan, W.L., O'Connor, J.J.: Sociology; Longmans Green & Co., N.Y., London, 1946; p. 311.

die staat by die opvoeding tot burgerskap eintlik aangewys op die bydraes van die huisgesin, die kerk en die skool en kan die staat op prinsipiële en historiese gronde nie uit die skool geweier word nie. Daarom het dit kragtens sy oorsprong, wese, roeping en bestemming medesegenskap in die skoolonderwys. Die skoolopvoeding bly 'n voortdurende sorg van die staat, omdat dit in sy vervolgting en sy samewerking ten nouste saamhang met die eie mag en voortbestaan van die staat op grond van deeglike en gesonde opvoeding, ook en veral in die skool.

Die gesonde beskouing van Uniale onderwys misken en ontken dus geensins die beginsels van soewereiniteit en roeping in eie kring nie; intendeel; dit erken die neweskikking, koördinasie en koöperasie tussen die verskeidenheid van samelewingsvorme en die mondigheid van die individu. In hierdie omlysting is die staat eintlik aangewys op die huisgesin, die skool en die kerk maar ook op ander nie-staatlike organisasies en verenigings vir die opvoeding tot burger en wetsgehoorsame, ja, tot intelligente burgerskap.

Die geskikste en moes geoorloofde suiwer staatlke instellings vir die bybring van kennis is beperk tot die militêre: land-, lug- en seemagskole en polisieopleidingskolleges. Die gesagsleiding wat gegee en aanvaar word, die kennis as deel van die opvoeding en oriëntering aangaande wat opgedoen word is, soos by die ander konstante samelewingsvorme, altyd in ooreenstemming met die eie karakter en wese van die samelewingsvorm waarin dit opgedoen word.

6. Gesag in die skool.

In die kader van ons konsekwente handhawing van die Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing is die skool „na ons beskouing 'n lewenskring waarin albei die grondbeginsels van ons denke heers, nl. die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die van universaliteit in eie kring" ¹⁾. Volgens sy oorsprong, aard, wese, roeping en bestemming is die skool nie die verlengstuk van òf die huisgesin òf die kerk òf die staat nie, maar dit staan neweskikkend, gekoördineerd en in vervlegting met die ander genoemde samelewingsvorme. Hierdie aspek is reeds tevore uiteengesit ²⁾.

Die direkte en indirekte doelstelling van die opvoeding lê opgesluit in die bestemming van die skool as 'n sekondêre samelewingsvorm, waarvan die aard van die onderwys met die analitiese en estetiese interpretasie bepaal word.

Om hierdie taak en roeping te kan vervul moet die twee beginsels van soewereiniteit en universaliteit in eie kring gehandhaaf word. Dit bring mee dat by die onderwys en opvoeding van die skool ons die fundamentele faktor van gesag betrek by die opsetlike leiding wat onderwysers aan die kinders gee. Op grond van die historiese funderingsfunksie, en wel van die skool as die vrug van die kultuurontwikkeling in sy onafskeidelike korrelatiewe verband met sy bestemming, moet ons egter die lig op die volgende aspekte laat val:

(1) Die wese van skoolgesag.

(a) Die oordrag van ouerlike gesag t.o.v. die

1. Coetzee J. Chris.: "Kerk en Skool" in Onderwysblad vir Christelike en nasionale onderwys en opvoeding; Orgaan van die T.O., N.O.U. en die S.W.A.O.U., deel LVI, nr.630, 1 April 1952; p.1.

2. Idem: 1 April 1952; 1 Junie 1956; 1 September 1956;

Vgl. Popma: Inleiding in de Wijsbegeerte, p. 53-54.

intellektuele opvoeding van hulle kinders aan die skool en die implikasies daarvan.

Sosiologies gesien, is een van die kernfunksies van die gesin wat 'n verlies ondergaan het, die van die intellektuele opvoeding van hulle kinders. Op grond van sosiale verandering en kultuurontwikkeling ontstaan uit die huis die skool, omdat die ouers nie langer by magte was om die nutte gevonde vaardighede en kennis aan hulle kinders oor te dra nie. Die stigtingsaktiwiteit van die skool het plaasgevind op grond van die roeningsbesef t.o.v. die intellektuele opvoeding van hulle kinders ³⁾. Vir die gesin was dit eintlik 'n wins en vir die kinders van ouers dus 'n dubbele wins.

Met die stigtingsaktiwiteit het gelowige ouers van die begin af dus slegs 'n deel van hulle opvoedingstaak, t.w. die onderrig van hulle kinders in die kennis en vaardigheid wat hulle self nie langer kon behartig nie, aan die skool as plaasvervangende opvoeder oorgedra.

Die skool is dus 'n gesagsorgaan wat op 'n bepaalde lewensterrein die leiding aan onvolwasse kinders moet gee om hulle bekwaam te maak vir 'n eie plek in die samelewing, wat met beheersing vol gestaan moet word.

Die skool moet dan volgens sy oorsprong „as een van die lewensverbande die gesinsopvoeding aanvul en afrond met sy eie stempel, met sy eie aard en karakter, met sy eie doel en

3. Van Dyk: Mens en medemens, p. 92.

bestemming, met sy eie lewensruimte en lewensvatbaarheid, met sy eie sfeer van gesag en vryheid, met sy eie middele, met sy eie onderwys- en opvoedingstaak wat hy op sy geheel eie wyse uitvoer" ⁴⁾.

Die implikasie van hierdie oordrag is in beginsel van tweërlei aard: „(die ouers) het hul reg en mag aan die plaasvervangers, die onderwysers, oorgedra, maar hulle het ointlik naas die huis 'n ander instelling gestig, die skool. Die onderwysers besit in opdrag van die ouers die reg en mag van opvoeding van die kind in kennis en vaardigheid. Die reg hou in dat hulle 'n selfstandigheid ontvang. Dit reël die reg van die skool teenoor die reg van die huis" ⁵⁾.

Samevattend moet ons die skool as 'n gesagsorgaan sien, sodat ons praat van skoolgesag, waarvan die onderwysers die gesagsdraërs is.

(b) Elemente van die amptelike gesag van die skool.

(i) Die amptelike gesag van die onderwyser berus op 'n verantwoordelike normbesef en roepingsbewustheid. Die aanstaande onderwyser moet by keuring die regte instelling en gesindheid, die innerlike drang, begeerte, aanleg en talent vir hierdie besondere roeping toon.

Die lewenstoerusting van die aanstaan-

4. Du Preez, D.C.S.: „Watter bydraë kan die Sosiologie lewer tot doeltreffender opleiding van onderwysers?" in Onderwysblad; nr. 656, deel LVIII, 1 Junie 1954; p. 111.

5. Coetzee: „Skool en huis" in Onderwysblad, 1 Junie 1956, p. 89.

de onderwyser bestaan daarin dat hy sy akademiese en professionele of net professionele opleiding sal ontvang binne die kader van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, wat uiters noodsaaklik is vir sy vorming en oriëntering, omdat hy in sy taak en roeping hierdie lewens- en wêreldbeskouing by die kinders, in aansluiting by die huisgesin, wil tuis bring en inskerp om hulle lewenshouding te word.

Binne die omlysting van die Teoretiese Opvoedkunde: die oorsprong, wese aard en bestemming van die mens en kind, die doelstelling, die inhoud van die leerstof, die metode en tug en organisasie en administrasie, het die onderwyser seker baie vryhede maar ook tallo pligte en verantwoordelikhede, wat van interne en ook buiteskoolse aard is.

Ons het hier te make met die integriteit van die onderwyser, waarvan Collier en De Jouvenel skrywe: „The critical value of all, then, in my view is that the individual shall have the opportunity and the will to make his own free whole-hearted decisions, acts of choice, or self-committals to what he has fully and freely weighed. This seems to be the cardinal point of unity between all men of goodwill, religious or non-religious: the promotion of the integrity

of the individual. This critical value is freedom or liberty" ⁶⁾. „Liberty for the individual consists in his acting voluntarily by reference to his own sense of his obligations" ⁷⁾.

Op grond van vervlegting van die onderwyser in die skool met ander samelewingsvorme word nie net sy vryheid - en daarmee ook die van die skool - erken en verseker nie, maar dit sluit dan sulke vorme van optrede soos „diktatorskap" van 'n skoolhoof jeens sy personeel uit; vervolgens ook onnodige druk tot die eenvormige sosiale gedragswyse, wat kieme van anargie en konflik inhou, en derdens die uitsluiting van sekere psigologiese toestande om in die omlysting van die „social engineering", soos te dikwels vandag gebeur, skoolhoofde op 'n „hulpvaardige" wyse 'n aanbod aan hulle personeellede maak om „alle individuele probleme van enige aard" met hulle te bespreek. Dit beroof die onderwyser van sy vryheid, sodat die individuele onderwyser saam met ander 'n personeel die „dupe" word, die poppe in die marionettespel van die skoolhoof se gesag, in die gees van Johannie giet die beeld, wat sy kontrole uiters vergemaklik - dit is scientisties-georiënteerd

6. Collier: The social purposes of education, p. 84.

7. De Jouvenel, B.: Sovereignty; Cambridge, 1957; p. 264.

en moet beslis met alle mag bestry word. Die oorsaak hiervan moet ten dele gesoek word in die „groot skole, met groot personele“- die gees van die tyd, wat in die samelewing en saamleef sit.

Geestelike dwang, wat in die voorgaande vervat is, moet van die hand gewys word, omdat dit sowel ontoclaatbaar as ondoelmatig is „Eenheid zonder vrijheid“ is evenzo verwerpelijk als de rationalistiese en kapitalistiese „vrijheid zonder eenheid“. „Eenheid in vrijheid“ is geen punt van uitgang, maar punt van uitkomst eener ontwikkeling, die van onderling vertrouwen over saamhorigheid leidt naar bewuste samenwerking“ ⁸⁾.

Samewerking tussen hoof en personeel is 'n wedersyde en wederkerige proses, die uitvloeisel van bespreking oor die besinning t.o.v. opvoedkundige aangeleenthede maar ook die eerbiediging van die vyfde gebod.

- (ii) Die gesag van die skoolhoof is gegrond op sy onderwyservaring en - rypheid en al die sake van Christelik-nasionale aard wat 'n skoolkomitee en skoolraad as ouerverteenwoordigers in die bekwame en bevoegde leiding en leierskap in die persoon van die skoolhoof verenig sien. Dié vertroue word dan ook ge-

8. Posthumus, K.: Levensgeheel en school. Bezinning voor vernieuwing van voortgezet onderwijs in Nederland en in Indonesië; Uitgeverij W. van Hoeve, S'Gravenhage, Oktober - Februar 1947; p. 53.

sterk en bevestig, deurdad so 'n persoon van owerheidsweë erkenning van sy dienste ontvang deur aanstelling in so 'n verantwoordelike amp.

Die aanvaarding van hierdie amp plaas hom in 'n gesagsposisie met talle verantwoordelikhede. Eerstens is in hom gekonsentreer die oorgedraande ouergesag t.o.v. die intellektuele opvoeding van die kinders in 'n bepaalde skoolgemeenskap. Tweedens het ons te make met gedelegeerde owerheidsgesag via die Direkteur van Onderwys, die Sekretaris van Onderwys, die hoof- en kringinspekteur t.o.v. die uitvoering van 'n onderwysbeleid.

hier sou ons graag 'n Uniale onderwysbeleid wil sien wat die rigting en koers moet aandui. Die uitvoering van so 'n beleid moet dan op provinsiale basis wees, soos tans die geval is, maar dan met 'n Opvoedkundige Adviesraad by die Uniale of Sentrale beheer maar ook by die provinsiale owerhede.

Die pligte en verantwoordelikhede van die skoolhoof t.o.v. sy gesagsleiding, wat o.a. ook organisatories en administratief van aard is, word meestal uiteengesit in 'n handboek van instruksies vir die leiding van skoolhoofde ⁹⁾.

9. Vgl. Taute, Ben: Skoolhoof, assistent en professie; Unie-Volkspers, Bepark, Kaapstad; 1940.
 Vgl. T.O.D.: Handboek van instruksies vir die leiding van skoolhoofde; Staatsdrukker, Pretoria, 1948;
 Cocking, W.D. & Gilmore, Ch. H.: Organization and administration of public education; Staff Study No.2, Prepared for the Advisory Committee on Education.

Die skoolhoof vorm ook die skakel tussen die ouers van 'n skoolvoedingsgebied en die skool via die verteenwoordigende komitee uit die skoolouers. Hierdie medeseggenenskap van die ouers in die onderwys en opvoeding van hulle kinders vorm die grondslag van die demokratiese beginsel in ons onderwys- en opvoedingstelsel en moet so bly. Hulle pligte en verantwoordelikhede is egter beperk tot samewerking met die skool en die ouers, tot geboue, terreine en die welvaart van die skool en die kinders in die algemeen deur funksies, konserte, oueraande ens., in die gees met die daad te steun. In hierdie opsig kan ons veel van die V.S.A. leer.

Querverantwoordelikheid en pligte is dus ekstern en nie intern van aard nie.

Samevattend kan ons nou konstateer dat skoolgesag nie iets is wat gedelegeer kan word nie, en skoolgesag is in sy wese nie beperk tot ouergesag nie. Die skool besit mag en reg in sy eie lewenskring. „Maar dit reël die reg van die skool teenoor die reg van die huis.

Die gevolg is dat die skool nie in absolute sin aan die ouers behoort nie. Die skool behoort net soveel aan die onderwysers. En dit hoort net soveel aan die gemeenskap waarin dit ontstaan het. Dit is nie die indiwiduele ouers

wat die skool in die lewe roep nie maar wel die gemeenskap van ouers. En die gemeenskap van ouers vorm maar net 'n deel van die volksgemeenskap. En die volksgemeenskap vind sy georganiseerdheid in 'n owerheid en onderdane. Met ander woorde, die skool hoort net soveel aan die Owerheid. Daar is dus drie reghebbendes: die ouers, die onderwysers en die owerheid. Dit hoort nie volledig aan een van die drie nie. Dit behoort eintlik aan homself in die sin dat dit 'n eie lewenskring is net soos die huis " 10).

Omdat alle gesag ten slotte prinsipeel van Bo kom en opvoeding sonder gesag ondenkbaar is, is alle opvoeding in wese dus 'n heenlei en heenwys na Bo. En dus moet alle opvoeding, óók die van die skool, hulp en steun bied aan en kulmineer in die geloofsaspek van die kerk, wat bokant homself uitwys, heenwys en heenlei na Bo.

7. Gesag by die laerskoolonderwyserskorps.

Die kwalifiserende funksie van die laerskoolonderwyserskorps lê opgesluit in die bevordering van Christelik-nasionale onderwys en opvoeding op die grondslag van Gods Woord, omdat daarin die diepste verborgenhede omtrent die oorsprong, wese en die bestemming van die mens opgesluit lê. Hierin is die onderwyserskorps geanker en veranker weens die inspirasie

10. Coetzee: "Skool en huis (1)" in Onderwysblad, 1 Junie 1956, p. 89.

en stukrag wat dit uit die verlede, aan die hede en die toekoms van die Suid-Afrikaanse volksbestaan en voortbestaan bied.

Dié onderwyserskorps is van owerheidsweë 'n wetlike erkende organisasie met 'n eie konstitusie. Die Transvaalse Onderwysersvereniging vind in hom saamgetrek ook lede van die Natalse Onderwysersunie en van die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie. Ook die T.T.A., Onderwysersunies, die van die Kaapprovinsie en die Vrystaat geniet dieselfde wetlike status.

Met betrekking tot die skoolgesag vind ons in die laerskoolonderwyserskorps verenig die verantwoordelike roeping t.a.v. die opsetlike beïnvloeding en leiding van die laerskoolkinders in die hele Suid-Afrika wat die intellektuele opvoeding en onderwys betref. Dit is dus daardie belangrike deel van ouergesag wat oorgedra is van die Suid-Afrikaanse blanke gemeenskap aan die laerskoolgesag wat tot openbaring kom in die laerskoolonderwyserskorps van Suid-Afrika as geheel. Wanneer Uniale beheer ingestel word, behoort die samewerking daadwerklik inniger te wees - in die lig en gees van 'n eenderse koers en rigting.

Die funksionele organisasie bereik jaarliks sy hoogtepunt met 'n saamtrek van die afgevaardigdes van die verskillende onderwyserstakorganisasies met opdragte aan hoofbestuurslede om aktuele onderwys- en opvoedkundige vraagstukke op die agenda van die kongresse te plaas vir bespreking, leiding en rigting in die besluite. Deur middel van hierdie besluite, die Voorsitters, die sekretarisse, hoofbestuurslede

en dagbesture word hierdie besluite langs wetlike kanale aan die provinsiale onderwysowerhede ter oorweging en moontlike uitvoering voorgelê.

Die onderwyserskorps is dus 'n gesagsorgaan wat geen ander taak het as dit wat in die belang van die onderwys en opvoeding van die laerskooljeug in Suid-Afrika is nie.

Hierdie gesagsorgaan, met sy gesagsleiding op onderwys- en opvoedkundige gebied, verteenwoordig die laerskole in blanke Suid-Afrika en Suidwes-Afrika se gesonde bestaan en voortbestaan. Dit moet die gesinsopvoeding op 'n gesonde wyse aanvul en afrond.

Veelal word die laerskoolonderwyserskorps in sy gesagsleiding gering geskat in hulle vervlegting met die ander samelewingsvorme en lewenskringe; die invloed wat daarvan uitgaan en daardeur uitgeoefen word op die samelewing, en omgekeerd die invloed wat dit van die samelewing ondergaan.

Vir die opvoedkundige teorie en praktyk is dit van die uiterste belang en vir die positivering van die norme en die krisissituasie waarin die die skoolonderwys en -opvoeding op die oomblik verkeer, kan veel goeds verwag word.

Op grond van die onderwysroeping, gesien teen die agtergrond van die geskiedenis, funksies en grondslae van die laerskoolonderwyserskorps en dit wat slegs langs hierdie wetlike kanaal bereik is en kan word, behoort elke onderwyser dit sy verantwoordelikheid te maak om 'n lewende en aktiewe lid hiervan te wees.

8. Slot.

As slotgedagte by hierdie hoofstuk herhaal ons met beklemtoning dat die faktor van gesag by die opvoedingsproses fundamenteel is, en in die omlysting van die genetiese opvatting van die opvoeding sluit ons aan by die volgende aanhaling: „A social conscience, unsupported by religious conviction, has not always the strength to defend itself against organised evil. If homes and schools and society at large are without spiritual ideals, they are houses built on the sand and cannot be relied on to stand against the rising storm“ ¹⁾. Gesag, dissipline en veral selftug, is onafskeidbaar aan mekaar verbonde en ineenverweef in ons beskouing oor die opvoeding en onderwys.

1. Citizens growing up at home, in school and after, p.11.